

# Neskaste vir uile

## Hoekom uile na jou tuin aanlok?

Daar bestaan verskeie voordele daarin om uile na jou tuin of werf te lok:

1. Die belangrikste is dat hulle kan help om knaagdiere en insekte te beheer.
2. Die teenwoordigheid van uile beteken dat geen plaagdoders gebruik hoef te word nie en dit bespaar dus kostes.
3. Dit is besonder aangenaam om snags na die geluide van uile te luister.



## Watter spesies?

Nonnetjie-uile maak dikwels gebruik van uilneskaste, wat moontlik 'n aanduiding is dat hul gebied beperk word deur geskikte plek om nes te maak. Kunsmatige neskaste sal ook deur Gevlekte ooruile, asook Bosuile, Witkoluile en Skopsuile gebruik word. Nonnetjie-uile en Gevlekte ooruile leef na aan mense en daarom sal hul neskaste aanvaar wat teen geboue of in bome opgesit is.

## Belangrike aspekte om in gedagte te hou wanneer jy uile na jou tuin wil lok

1. Vanselfsprekend sal slegs spesies wat in die gebied voorkom 'n neskas in jou tuin aanvaar. Dit is ook belangrik dat neskaste en die plek waar dit opgesit word, die spesies se behoeftes in die natuurlike omgewing moet vervul.
2. Neskaste moet stewig teen 'n muur of boomstam in 'n stil omgewing, soos in 'n buitegebou wat selde gebruik word en weg van menslike bedrywighede is, opgesit word en dit moet ook onbereikbaar wees vir roofdiere. Dit is dalk beter om nie die kaste teen die mure van huise op te sit nie, want die uile mag raas, mors en mense en troeteldiere aanval wanneer hul hul kuikens verdedig.
3. Die neskaste moet aan die skadukant van 'n gebou of boom opgesit word.

4. Die neskaste, veral die dak, moet waterdig wees.
5. 'n Stuk hout kan aan die onderkant van die neskas se ingang geplaas word sodat die uile daarop kan sit wanneer hulle by die nes aankom.
6. Nonnetjie-uile maak gereeld gebruik van 'n sitplek en dit kan die ophoping van mis op die grond veroorsaak. Die enigste manier om dit te verhoed, is om alles te verwyder wat 'n sitplek vir die uile kan verskaf of om die sitplek onaantreklik of ontoeganklik te maak.
7. Moenie skadelike plaagdoders in jou tuin of geboue gebruik nie en, indien nodig, gebruik omgewingsvriendelike metodes om insekte en knaagdiere te beheer.
8. Swerms bye mag 'n gevaar vir Nonnetjie-uile inhou, omdat hulle soms die neskaste oorneem. Dit veroorsaak dat die uile hul eiers of kuikens verlaat. 'n Swerm bye kan afgeweer word deur 'n muskietspiraal by die ingang van die neskas te brand. Moenie skadelike gifstowwe gebruik nie, want dit sal die uile en hul kuikens benadeel. Drie lae gekookte lynsaadolie kan ook op die neskas geverf word en wanneer dit droog is, spuit die buitekant van die neskas met Baythroid (Cyfluthrin).

## Ontwerp van neskaste

Daar is twee eenvoudige ontwerpe vir neskaste vir Nonnetjie-uile en Gevlekte ooruile (sien hieronder). Daar is ook verskeie persone in Suid-Afrika wat uilneskaste bou en hul kontakbesonderhede kan van die Roofvoëlwerksgroep verkry word.

## Neskas vir Gevlekte ooruil

Afvalhout kan gebruik word om 'n eenvoudige, oop neskas met 'n dak te bou. Die basis moet 45 x 45 cm wees en die dak word ondersteun deur vier stukke



hout van ongeveer 45 cm in lengte. Maak kante van 10-15 cm hoog rondom die basis en die dakstutte (dit sal die koue wind uithou en die eiers en kuikens veilig in die kas hou). Om te verhoed dat die eiers in die kas rondrol, gooi 'n laag houtskaafsels onder in die kas. Verseël die hout met 'n goeie kwaliteit buitelig vernis.

### Neskas vir Nonnetjie-uil

Die Nonnetjie-uil verkies 'n groot, toe kas om sy eiers in te lê en sy kuikens groot te maak.

#### Benodigdhede:

1 x 2700 mm x 457 mm x 21 mm lengte dennehout

Houtlym

20 koper skroewe (4.5 mm x 30 mm)



3 mm houtboor

Bootvernis


Saag die 2700 lengte dennehout in 6 stukke (A-F), soos geïllustreer.

Sit die kas aanmekaar met die lym en skroewe, deur die kante (D & F) bymekaar te voeg en die voorkant (A) en agterkant (C) aan die basis (E) te voeg.

Las die dak (B) met lym en skroewe op dieselfde wyse aan die struktuur.



Vernis die buitekant van die kas drie keer en skuur liggies tussen elke laag. Plaas die kas onder die oorhang van 'n dak of in die vurk van 'n boom waar dit in die skaduwee en beskut is.



### Bron van inligting

Baie van die inligting (en die sketse) in hierdie pamflet kom uit:

Tarboton, W. & Erasmus, R. 1998. Owls and owling in southern Africa. Struik, Cape Town.

Trendler, R. & Hes, L. 1994. Attracting birds to your garden in southern Africa. Struik, Cape Town.

Teks deur Mark Anderson; vertaling deur Ronelle Visagie; illustrasies deur Maggie Newman; uitleg deur Africa4U.



Vir verdere inligting, kontak die Roofvoëlwerkgroep van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe: Tel. +27-(0)11-4861102; Fax. +27-(0)11-4861506  
Webtuiste: [www.ewt.org.za](http://www.ewt.org.za)  
E-pos: [andreb@ewt.org.za](mailto:andreb@ewt.org.za) (André Botha) of [bopwg@ewt.org.za](mailto:bopwg@ewt.org.za) (Erika Belz)